God onse Vader se

Geregtigheid
en
Regverdigheid

'n Afrikaanse Bybelstudie

'n Afrikaanse Bybelstudie
oor God onse Vader se

Geregtigheid en Regverdigheid

Inleiding

Dis iets heel besonders om te besef dat deur middel van ons geloof in Jesus Christus, elkeen van ons deur God onse Vader tot in ewigheid geregverdig is. Dit beteken dat ons regverdig verklaar is, asof ons nooit gesondig het nie. Uit die Nuwe Testament in die Bybel leer ons die volgende :

"..die geregtigheid naamlik van God, deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; . . . almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Jesus Christus is. Hom het God voorgestel in Sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om Sy [God onse Vader se] geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – om Sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is." (Die apostel Paulus se brief aan die Romeine, 3:22-26. Kyk ook Rom. 5:1-2.) Uit hierdie skrifgedeeltes verstaan ons dat regverdiging 'n aksie is, wat uit God se eie volmaakte geregtigheid voortvloei.

God se oplossing vir die mens se ongeregtigheid

Paulus bevestig verder, in sy tweede brief aan die Korinthiërs (5:21), "Want Hy [God onse Vader] het Hom [God die Seun, onse Here Jesus] wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom [in Jesus]." Dit beteken dat toe Jesus Homself gewillig in ons plek aan die kruis geoffer het, onse Vader die mensdom se ongeregtigheid na Sy sterwende Seun toe oorgedra het, en gelyktydig Jesus se ewige, goddelike geregtigheid na ons, na die mensdom toe oorgedra het ! Sien ook die eerste brief van Petrus, 3:18. Hierdie was 'n magtige plan van God wat Hy eeue gelede deur die profeet Jesaja (hoofstuk 53, geskryf omtrent 700 jaar voor die Here se geboorte op aarde) bekendgemaak het en wat Hy deur niemand anders nie as Jesus kon laat uitvoer. Kyk ook 1 Johannes 2:1-2; 4:10.

Ons ongeregtigheid was die gevolg van Adam en Eva se ongehoorsaamheid in Génesis, hoofstuk 3, en daar was niks wat die mens self kon doen om ons aanvaarding deur onse Vader en ons liefdesverhouding met Hom te herstel nie. Dit was God wat die versoening tussen Hom en die mensdom laat plaasvind het : Rom. 5:8-11 en 18-19. In die Nuwe Testament leer ons oor die gehoorsaamheid van Jesus : "...het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe..." (Filippense 2:8). Kyk ook Titus 2:14. Hier (veral in Romeine) sien ons nogmaals waar ons geregtigheid vandaan kom, naamlik deur middel van die offer wat Jesus gebring het om onse Vader se heerlike plan vir ons verlossing en aanvaarding in werking te stel. Ons regverdiging kom dus voort uit God se unieke omruiling, deur middel van Jesus se

bloed, aan die kruis. Maar hoekom juis Sy bloed ? Die brief aan die Hebreërs (9:22) verklaar dat geen vergifnis van sonde, en dus versoening, moontlik is sonder "bloedvergieting" nie.

Die Ou Verbond en Testament

Die lering oor bloedvergieting kom oorspronklik uit een van Moses se boeke, Levitikus in die Ou Testament, geskryf ongeveer 1440 jaar voor Jesus se geboorte. Toe God destyds die Ou Verbond met Sy geliefde volk, Israël, gevestg het, het Hy 'n mate van versoening tussen Homself en Israël bewerkstellig deur middel van Sy opdragte aan die Levitiese familie van Aäron en sy nageslag (Exodus hoofstukke 6 en 28 tot 30). Hierdie versoening was egter beperk en slegs van toepassing solank hierdie verbond van krag was volgens die Woord wat ons Christene as die Ou Testament ken. Die Israëliete se sondes en ongeregtigheid was wel deur bloedvergieting (met die bloed van diere) bedek, maar nog nie uitgewis nie (Heb. 9:11-12 en 10:4).

Regverdiging in die Nuwe Testament

Hebreërs (9:13-15) maak ook duidelik dat dit juis die Here Jesus se bloed was wat 'n volmaakte offer vir ons sondes voorsien het. Hy was en is steeds ook ons volmaakte bemiddelaar. Sien Efesiërs 1:7, Hebreërs 8:6 en Paulus se eerste brief aan Timótheüs, 2:5. Uitsluitlik Sy bloed en dus Sy geregtigheid kon die losprys vir ons regverdiging en ons

versoening betaal het (Rom. 3:21-26; Openbaring 5:9-10). So onderrig God se Woord ons dat die mensdom vir sy regverdiging en aanvaarding deur God die Vader geheel en al van Jesus se lewe, dood en opstanding afhanklik was.

Verder kan ons ook uit die Woord bepaal waar Jesus se geregtigheid vandaan kom. Uit Johannes (1:1-4 en 10:30) verstaan ons dat Jesus en onse Vader saam een God is, asook dieselfde troon deel (Ef. 1:20), wat die rede is waarom die Vader in Hebreërs (1:3; 8-9) Sy Seun ook as God aanspreek : "...U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat..." **.** Dieselfde woorde vind ons in Psalm 45:7-8 in die Ou Testament, terwyl ander Psalms (89:15; 97:2b; 145:17) onthul dat God se troon, dit wil sê Sy gesag, veral Sy geregtigheid verteenwoordig. Hieruit verstaan ons dan dat die geregtigheid van God onse Vader en die geregtigheid van Jesus Christus een en dieselfde werklikheid is. Daarom was onse Vader in staat om Sy unieke plan op volmaakte wyse deur Jesus, <u>God die</u> <u>Seun</u> (Joh. 3:16-17; 12:44-46) namens Homself tot uitwerking te laat bring. Jesus se eie woorde lees ons in Johannes 17:1-11.

Sommige van ons wonder dalk waarom dit vir God so belangrik was om die hele mensdom, wat in hul duisternis deur die eeue danig van Hom af weggedwaal het (sien bv. Genesis 6:5-12), volledig en blywend tot bekering te bring. Die eenvoudige rede daarvoor is onse Vader se bedoeling dat ons Sy <u>kinders</u> word : Joh. 1:12; Rom. 8:16-17 en Fil. 2:1, asook deel word van Sy familie (Efesiërs 3:14-15). Hier begin ons insien hoe groot en verreikend God se genade en vergifnis is. Ons dink ook weer aan God se geliefde volk, die Israëliete,

wat hulself oor en oor skuldig gemaak het aan ongehoorsaamheid, onafhanklikheid en afgodery. In verskeie Ou Testamentiese boeke, veral in die profeet Hosea, beskryf God afgodery soos geestelike hoerery. God se genade en vergifnis oorwin egter altyd, en gelukkig vertel Hosea (2:18-19) ons ook dat die Here Homself uiteindelik met Sy volk "...in geregtigheid en in reg..." sal "...verloof...". In sommige vertalings skryf die profeet Jeremia (3:14) selfs oor 'n huwelik tussen God en Sy volk. Dis slegs God se ware volk, Sy kinders, wat die Vader in gees en waarheid wil en sal aanbid (Joh. 4:23).

Die Nuwe Testament skryf oor hierdie verbintenis of verlowing tussen God en Sy gelowige, geregverdigde volk, nl. in 2 Kor. 11:2 en Ef. 5:25-27. Die boek Openbaring, die laaste boek in die Bybel, verwys selfs na die toekomstige, heilige stad Jerusalem as die vrou van die Lam (van God): Openb. 5:8-10; 19:9; 21:9-10. En watter mense sal eendag deel uitmaak van God se toekomstige, heilige volk? Die apostel Petrus se tweede brief (3:9) verduidelik dat Hy nie wil he "..dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering [versoening] moet kom." Kyk weer Paulus se eerste brief aan Timótheüs, 2:3-6. In die evangelie van Johannes (6:44) beklemtoon Jesus egter dat niemand na Hom toe kan kom tensy die Vader die persoon nader trek nie. Al diegene wat deur Hom getrek word hoef dan ook beslis nie verlore te gaan as gevolg van die duister van onkunde en ongeregtigheid nie. Nogtans het elkeen die keuse om die goeie nuus van die evangelie te aanvaar, of om die geleentheid tot verlossing en versoening verby te laat gaan. Daardie persoon bly dan buite God se vergifnis en regverdiging in die Vader se oë.

Die Bybel wys ons in die Ou sowel as die Nuwe Testamente dat in al die geskiedenis sedert die mens se sondeval, God vasberade was om die mensdom met Homself te versoen. Hy is nog altyd besig met Sy plan en Sy koninkryk deur middel van die geregtigheid van Sy volgelinge en dienare. Selfs Jesus, God die Seun, was 'n dienaar (Mat. 12:17-18). Ons vind bewys van God se liefde, dat selfs in die eeue tussen die skepping en die instelling van die Ou Verbond onder Moses, soos ons lees uit die lewens van bv. Abel (Heb. 11:4), Noag (2 Pet. 2:5) Abraham (Rom. 4:3) en Job (Job 1:1), God opregtheid en geregtigheid raakgesien en beloon het. Geregtigheid kom uitsluitlik van God af en Hy het dit nie net in vroeer tye beloon nie, maar ons ken Hom ook as onse Vader wat Sy regverdigheid veral volgens die Nuwe Verbond toeken aan ons wat Sy vergifnis en versoening deur die bloed van Jesus met oop arms deel van ons lewens maak. (Handelinge 13:38-39; Rom. 3:24; 8:33 en Heb. 1:1-3)

Nou kom ons tot die blye insig dat dit nog altyd God se belang en begeerte was dat sy kinders, Sy volk, net soos Hy sal word en sal bly. Daarom sit ons as geregverdigdes deur ons geloof in die Here Jesus eintlik reeds "in" Hom in die hemel : Ef. 1:3-5; 2:6. Aangesien God se kinders Jesus se geregverdigde broers en susters is (Rom. 8:29), is ons ten volle geregtig om daar met Hom te verkeer. Daarom maan die apostel Petrus ons, hoewel ons tans nog in ons vleeslike liggame verkeer, om nogtans heilig te wees, soos God onse Vader heilig is : 1 Pet. 1:13-21 (Levitikus 11:45). 'n Geregverdigde, heilige lewenswandel is die enigste lewenswandel wat by God se kinders pas. Geregverdigde mense is in wese onsterflike persone wat nie net met die heilige Lam (Joh. 1:36), die seun

van God verbind is nie, maar ook in die toekoms met Hom sal regeer : Openb. 5:10; 20:4.

So sien ons dat die hele Bybelverhaal, vanaf Génesis, tot en met Openbaring, 'n boodskap is wat daarop gemik is om die mensdom tot regverdiging te lei en met God te versoen deur middel van die genade en liefde van hul Skepper en Vader. Soos genoem aan die begin, is dit deur ons geloof in die Here Jesus dat ons deur God geregverdig is. Dis deur ons geloof dat ons onkunde en ons ongeregtigheid geheel en al vervang word deur Sy geregtigheid en Sy lewe (Job 10:12; Joh. 6:51; Galasiërs 2:20 en 2 Pet. 1:1-3). Ons geloof en lewe in Jesus Christus beteken dat, in versoening met God onse Vader, ons in ons gees geheel en al in vereenselwiging met Sy Seun en Sy Woord sal voortlewe. Hierdie vereenselwiging beteken dat ons die waarheid van die Nuwe Verbond (Mat. 26:27-28; Heb. 8:6-7, 12:24 en 13:20) erken en uitleef en ook deur middel van ons siel, dit wil sê ons verstand, begeer om God se wil en Woord na te volg. Maar selfs al doen ons dit verstandelik nie volmaak nie, getuig ons gees steeds van die feit dat ons onse Vader se geregverdigde kinders is, wat daarop geregtig is en gelei word om Hom as “Abba, Vader” aan te spreek (Rom. 8:14-17; Gal. 4:6-7).

Opsomming

Hier volg 'n opsomming van wat ons geloof in Jesus Christus en ons regverdiging deur Sy bloed vir ons beteken wat betref ons vergifnis, versoening en liefdesverhouding met God onse Vader :

Regverdiging is 'n aksie wat voortvloei uit God die Vader en God die Seun se eie ewige geregtigheid. Ons regverdiging is dus 'n goddelike, heilige toestand en voorreg wat net van God op Sy troon in die hemel af kan kom. Daar is niks wat ons self kan doen om dit te bereik nie.

Ons on-regverdigheid was die gevolg van Adam en Eva se on-gehoorsaamheid. Hul sondige nageslag,die mensdom, was daarin vasgevang, maar God die Vader het 'n genadige, magtige oplossing aan die wereld geopenbaar. Deur middel van God die Seun, ons bemiddelaar en verlosser Jesus Christus, het Hy Sy liefdesverhouding met die mensdom op 'n unieke wyse vir ewig herstel.

Die Here Jesus het met die offer van Sy dood en bloed, en daarna Sy opstanding uit die graf, die losprys vir ons ongeregtigheid namens elke mens betaal. Hy het die mensdom se ongeregtigheid en sondelas van alle tye op Hom geneem, in ruil waarvoor ons Sy ewige geregtigheid ontvang het. Dit was net Jesus, God se Seun wat hierdie offer kon aanbied, en Hy het dit gewillig en uit liefde vir die mensdom vir ons volbring.

Dit is die Vader se begeerte dat elke persoon, wat deur Hom nader getrek word deur sy of haar geloof in Jesus, en na onse Vader se aanvaarding van die persoon deur Jesus se bloed, deur Sy Seun met Hom versoen sal word. Enige persoon kan nogtans verkies om nie in God se regverdiging en versoening deur Jesus se bloed te glo nie. So 'n persoon bly dan ongeregverdig en in sy sondige duisternis.

Dwarsdeur die Bybel was dit nog altyd onse Vader se wonderlike plan dat almal wat met Hom versoen word, Sy kinders word. Dis slegs God se kinders wat hul Vader aanbid en wat ook geregtig is op hul ewige woonplekke in die hemel. Volgens Sy Woord is ons deel van Sy heilige familie, en is ons bestem om een dag, as God die Seun se bruid, saam met Hom te regeer.